PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

==========

ORDER PAPER

==========

THURSDAY, 17 MAY 2018

HOUSE: 14:15

INTERPELLATIONS AND QUESTIONS

STATEMENTS BY MEMBERS

MOTIONS

SUBJECT FOR DISCUSSION

Mr B D Kivedo: The increasing racial intolerance and related actions among all groups in South Africa.

FURTHER BUSINESS

NOTICES OF MOTION

1. Ms S W Davids moved: That the house debates the slow pace of proper housing development in poor communities in the province under the DA.

2. Ms D Gopie moved: That the house debates the increase in cases of femicide in the DA-run Western Cape.

3. Ms N D Nkondlo moved: That the house debates the negative impact of crime on tourism in the province and the selective response by the DA government, which is once again ignoring the effect of this on townships, where the mainly poor and working-class people reside.

4. Mr M Mnqasela moved: That the house debates the significance of the process of public hearings on the Traditional and Khoi-San Leadership Bill.

5. Ms S W Davids moved: That the house notes that the inaction of the DA led to tension between the residents of Siqalo Informal Settlement and those of Mitchells Plain; notes further that the tension could have been avoided if the DA had been responsive to the basic needs of the residents, which they had complained about; and condemns the DA’s divide-and-rule tactics in the province that turned residents against one another in the area.

6. Ms P Makeleni moved: That the house notes the DA's double standards and hypocrisy in their handling of the issue of alcohol abuse in the province; notes further that while the party spends a lot of money and resources on the Alcohol Harms Reduction Game Changer, it still views the sale of liquor in the province as a viable business, to the extent that the party plans to allow the sale of alcohol on school premises; further notes that Premier Zille is planning to increase the liquor prices in the province as an additional source of income; and condemns the DA's double standards and hypocrisy in handling the issue.

7. Ms T D Dijana moved: That the house notes with concern that the average dam levels in the province are at 21% and that residents may face an even worse summer in 2019; notes further that despite these realities the provincial government and the City are failing to reduce water consumption levels, which remain very high; and calls on the national Government to continue with its interventions in the province.

8. Mr R D Mackenzie moved: That the house commends Mr Earl Hendricks for his caring, thoughtful and compassionate initiative in leading and coordinating the campaign to ensure that "Oom" Freddie Blom's 114 birthday celebration was dignified and exciting; and wishes to thank all the other individuals who made a contribution to making "Oom" Freddie Blom's 114 birthday a very special one.

9. Mr N E Hinana moved: That the House commends the Minister of Human Settlements, Mr Madikizela, whose Department handed over 2 000 keys to homes and title deeds in Leiden, Delft, yesterday.

10. Mr R D Mackenzie moved: That the house commends and congratulates Shoprite Checkers, Charly's Bakery, Alabaster Box Perfume, the Daily Voice, Cape Talk and the following individuals: Mr Earl Hendricks, Ms Liezel van der Westerhuizen, Ms Doreen Morris; Mr Marlon Parker, Mr Kieno Kammies; Mr Adrian de Kock; Mr Genevieve Serra and Ms Wiedaad Philander for their generous contribution to ensure that "Oom" Freddie Blom's 114th birthday celebration was dignified; furthermore commends the broader community of Cape Town for coming together in the spirit of Ubuntu and contributing to lifting the spirits of "Oom" Freddie, Auntie Netta and the Blom family during this special time.

PARLEMENT VAN DIE

PROVINSIE

WES-KAAP

==========

ORDELYS

==========

DONDERDAG, 17 MEI 2018

HUIS: 14:15

INTERPELLASIES EN VRAE

VERKLARINGS DEUR LEDE

VOORSTELLE

ONDERWERP VIR BESPREKING

Mnr B D Kivedo: Die toenemende rasseonverdraagsaamheid en verwante optrede onder alle groepe in Suid-Afrika.

VERDERE WERKSAAMHEDE

VOORSTELLE MET KENNISGEWING

1. Me S W Davids stel voor: Dat die Huis die stadige pas van behoorlike behuisingsontwikkeling in arm gemeenskappe in die provinsie onder die DA debatteer.

2. Me D Gopie stel voor: Dat die Huis die toename in gevalle van moord op vroue in die Wes-Kaap wat deur die DA beheer word, debatteer.

3. Me N D Nkondlo stel voor: Dat die Huis die negatiewe impak van misdaad op toerisme in die provinsie en die selektiewe reaksie deur die DA-regering, wat weer eens die uitwerking hiervan op "townships" ignoreer waar hoofsaaklik arm en werkersklasmense woon, debatteer.

4. Mnr M Mnqasela stel voor: Dat die Huis die belangrikheid van die proses van openbare verhore oor die Wetsontwerp op die Tradisionele en Khoi-San-leierskap ("Traditional and Khoi-San Leadership Bill") debatteer.

5. Me S W Davids stel voor: dat die Huis kennis neem dat die gebrek aan optrede deur die DA gelei het tot spanning tussen die inwoners van die Siqalo-informele nedersetting en van Mitchells Plain; neem verder kennis dat die spanning vermy kon gewees het as die DA gereageer het op die basiese behoeftes van die inwoners, waaroor hulle gekla het; en veroordeel die DA se verdeel-en-heerstaktiek wat inwoners in die gebied teen mekaar laat draai het, debatteer.

6. Me P Makeleni stel voor: Dat die Huis kennis neem van die DA se dubbele standaarde en skynheiligheid in hul hantering van die kwessie van alkoholmisbruik in die provinsie; neem verder kennis dat terwyl die party baie geld en hulpbronne aan die alkoholskadeverminderingspelverandering ("Alcohol Harm Reduction Game Changer") bestee, die verkope van drank in die provinsie steeds as 'n haalbare besigheid beskou word , in so 'n mate dat die party beplan om die verkoop van alkohol op skoolpersele toe te laat; verder kennis neem dat Premier Zille beplan om die prys van drank in die provinsie te verhoog vir 'n bykomende bron van inkomste; en veroordeel die DA se dubbele standaarde en skynheiligheid in sy hantering van die kwessie.

7. Me T D Dijana stel voor: Dat die Huis met kommer kennis neem dat die gemiddelde damvlakke in die provinsie op 21% staan en dat inwoners 'n selfs erger somer kan verwag in 2019; neem verder kennis dat die provinsiale regering en die Stad daarin faal om waterverbuikvlakke te verlaag, wat hoog bly; en doen 'n beroep op die nasionale Regering om met sy tussenbeidetreding in die provinsie voort te gaan.

8. Mnr R D Mackenzie stel voor: Dat die Huis mnr Earl Hendricks aanprys vir sy deernisvolle, sorgsame en mededoënde inisiatief om 'n veldtog te lei en koördineer om toe te sien dat Oom Freddie Blom se 114de verjaardag waardig en opgewek was; en wil al die ander individue bedank wat 'n bydrae daartoe gemaak het dat Oom Freddie se 114de verjaardag baie spesiaal was.

9. Mnr N E Hinana stel voor: Dat die Huis die Minister van Menslike Nedersettings, mnr Madikizela, aanprys wie se departement gister oor die 2 000 sleutels en transportakte van huise in Leiden, Delft, oorhandig het.

10. Mnr R D Mackenzie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Shoprite Checkers, Charly's Bakery, Alabaster Box Perfumes, the Daily Voice, Cape Talk en die volgende individue: mnr Earl Hendricks, me Liezel van der Westerhuizen, me Doreen Morris; mnr Marlon Parker, mnr Kieno Kammies, mnr Adrian de Kock, mnr Genevieve Serra en me Wiedaad Philander aanprys vir en gelukwens met hul vrygewige bydrae om te verseker dat Oom Freddie Blom se 114de verjaardagviering waardig was; verder die breë gemeenskap van Kaapstad aanprys omdat hulle byeengekom het in die gees van Ubuntu en bygedra het om van Oom Freddie, Tannie Netta en die Blom-familie in hierdie spesiale tyd vreugde te bring.